

# Dagstukkies

NG Gemeente Wonderpark



Vir eeue het die vroue uit die Bybel mense geïnspireer en bemagtig om lewens te lei wat deur God aangeraak is. Hulle lewens is nog net so relevant as toe hulle verhale die eerste keer aangeteken is. Hierdie vroue het verskeie gawes soos vasberadenheid, geduld, deursettingsvermoë, geloof en moed gehad om hulle te help om God te dien. Hulle het die tradisie van hulle tyd uitgedaag, onreg beveg, gewaag om leiding te neem, kennis versamel en God gedien.

Deur hulle lewens sien ons God werk en hoe Hy hulle gebruik het om ander te leer en te seën.

Ons gaan hierdie week stil staan by 'n paar vroue (weens Moedersdag van Sondag) en sien hoe God deur hulle werk, hetsy deur hulle mislukkings of hulle suksesse. Weereens sal ons bewus raak dat God intiem betrokke was by hulle (en ons) lewens en dat Hy hulle (en ons) gebruik in Sy diens.

## Dag 1

### Abigail

*1 Sam 25:41-42*

Voor haar staan 'n man wat 'n reus oorwin het. Hy is op die punt om die bekendste Joodse koning ooit te word. Dawid sou eindelijk 'n verdeelde nasie verenig. Hy sou aanbiddingsliedere wat eeue later nog gesing sou word, skryf.



Dawid en sy 600 mans het geskuil in die plek waar 'n ryk man, Nabal, sy vee laat wei het. Te danke aan Dawid is Nabal se diere beskerm gewees teen diewe en wilde diere. Dawid het van sy manskappe na Nabal gestuur met 'n versoek om kos vir hom en sy manne te stuur. Nabal het nie net Dawid se versoek geweier nie, maar hom ook beledig. Die woedende Dawid het sy manne hulle perde laat opsaal en hulle swaarde laat aangord om Nabal 'n les te leer.

En hier 3 000 jaar gelede, kom hy voor Abigail te staan.

Toe die veewagters vir Abigail vertel wat haar man gesê het en wat Dawid gaan doen, het sy dadelik begin werk maak om die situasie te red. Sy het die ploffbaarheid van die situasie verstaan en besef dat tyd krities is. Daarom het sy dadelik 'n plan in werking gestel om haar familie te red. Sy het geweet dat dit nie sal help om na Nabal te gaan nie. Daarom het sy kos gemaak en dit op die donkies gelaai om Dawid se woede te blus. So kom die woedende Dawid te staan voor Abigail, die vredemaker, en sy woede wyk ...

Jare later sou Jesus sê: “Geseënd is die vredemakers...”

## **Dag 2**

### **Mirjam**

*Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het.*

*Efesiërs 1:11*

Ramses II het bekommerd geraak oor die groot hoeveelheid Hebreërs in Egipte. Hy het besluit om die Hebreeuse bevolking te beperk deur die vroedvroue opdrag te gee om alle manlike Hebreër-babatjies dood te maak. Toe Moses gebore is het sy ma dit reg gekry om hom drie maande lank weg te steek. Op 'n dag het sy besef dat sy hom nie langer



van die Egiptiese owerhede kan wegsteek nie. Daarom het sy toe vir hom 'n mandjie gemaak en hom in die mandjie gesit en die mandjie in die rivier laat afdryf – strategies so beplan dat hy in die koninklike bad-area gaan uitspoel.

En hier in die verhaal ontmoet ons vir Mirjam, sy ouer sussie. Sy sorg dat sy heelyd haar boetie se mandjie dophou om hom te beskerm. 'n Egiptiese prinses vind die mandjie met die baba en besluit om hom vir haarself te hou. Mirjam tree vinnig op toe sy sien dat die prinses hom wou hou en stel voor dat sy 'n Hebreeuse vrou sal vind wat die baba kon grootmaak en so sorg sy dat Moses by sy gesin kon bly totdat hy ongeveer so 12 jaar oud was.

Sy het besef dat oorlewing alleen nie vir Moses genoeg is nie. Hy moes grootword met die wete dat hy 'n kind van die belofte aan Abraham was. Sy besef reeds as 'n jong tiener die belang van 'n mens se identiteit in God. Iets waarmee ons soms nog op ons oudag sukkel ...

### **Dag 3**

#### **Febe**

*Ek beveel ons suster Febe, wat dienaar is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan. Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun.*

*Romeine 16:1*

Dit was as gevolg van haar reputasie as dienaar dat Paulus haar aanbeveel. Febe is nie aanbeveel omdat sy 'n dinamiese spreker of bekwame organiseerder was nie, maar omdat sy 'n dienaar was.



Sy is die een wat luister na jou probleme en jou 'n drukkie gee. Sy is die een wat jy kan vertrou om dit wat jy haar vertel vir haarself te hou. Sy is die een wat jou kom oplaai by die huis om jou Bybelstudie toe te neem.

Ons het soveel verwonde mense in ons gemeenskap. En verwonde mense het pyn en die pyn word dikwels in woede en bitterheid oorgedra. Dit is Febe wat hulle kan bedien en sorg dat hulle in die kring van gelowiges bly.

Eintlik behoort ons elkeen 'n Febe te wees. Het Jesus nie vir ons kom leer om ander te dien nie? Die uitdaging is natuurlik op watter maniere ons dit in die grendeltydperk kan doen. Maar Wonderpark dames sal 'n manier vind!

## **Dag 4**

### **Ragab**

*Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met die wat aan God ongehoorsaam was nie.*

*Hebreërs 11:31*

Ons kry haar naam in Hebreërs 11 tussen die name van die man wat die ark gebou het (Noag), die vader van die gelowiges (Abraham), die man wat miljoene Jode uit Egipte gelei het (Moses) en die bekendste koning wat die Joodse volk ooit gehad het (Dawid). Dit is insiggewend dat 'n prostituut se naam tussen al die geloofsreuse pryk en dat die Bybel geen verskoning oor Ragab se werk maak nie en ook nie probeer om dit weg te steek nie. Deur die genade van Christus het sy 'n vrou van geloof geword.



Dink net 'n oomblik aan haar verlede ... aan al die mans met wie sy seks vir geld gehad het ... aan al die seksuele siektes wat sy mag gedra het ... Ragab het besef dat die God van die Israeliete die ware God was en haar geloof het gemaak dat sy die spioene weggesteek het en hulle gehelp het om te ontsnap.

God kyk na haar geloof en sê: “Ek weet alles van haar verlede en dit is daar. Maar sy is nou vry en vergewe.” Sy is nie meer Ragab die prostituut nie, maar Ragab, die kind van God.

Dit is goeie nuus vir almal wat een na die ander fout gemaak het. Jy is 'n goeie kandidaat om gered te word.

## **Dag 5** **Mevrou Noag**

*Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Die Here het gesê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; ...Maar Noag is deur die Here begenadig ... hy was onberispelik en het naby God geleef ... God sê aan Noag: “Maak vir jou 'n ark ...”*

*Genesis 6:5-8,14*

Noag se vrou word nooit in die Bybel by die naam genoem nie. Maar sonder haar sou ons dalk nooit eens van Noag gelees het nie. Ons lees plek-plek van *Noag en sy seuns en sy vrou*. Sy moes ongelooflike geduld gehad het. Haar man het vir 120 jaar aan die ark gebou en sy hele lewe aan die projek gewy. Haar vriende en familie het haar seker gespot oor haar “mal” man en sy planne. Ons lees nêrens dat sy hom teëgegaan het en sy spoed gebreek het met haar sarkastiese



opmerkings of vernederende grappies ten koste van hom nie.

Noag kon net bereik het wat hy bereik het omdat sy vrou hom ondersteun het.

En toe kom die water en klim die Noag-gesin op die ark en moes sy help om die diere te versorg. En nadat die water gesak het, het sy uit die ark geklim en om haar 'n verlate wêreld gesien. Alles was vernietig; daar was geen huis om na terug te keer nie. Daar was nie bure of familie nie. Hulle moes oor begin. As sy sou ingee sou God se plan met hulle misluk. Met deursettingsvermoë en entoesiasme bou sy saam met haar man die nuwe wêreld. God hang vir hulle as teken van bemoediging 'n pragtige reënboog aan die lug. Haar ondersteuning aan haar man en sy vreemde planne het waarskynlik 'n beskawing en die menslike ras gered.

## Dag 6

### Asenat

*Die Farao het vir Josef, Asenat die dogter van Poti-Fera, priester van On, as vrou gegee ...*

*Genesis 41:45*

*Asenat het vir Josef twee seuns in die wêreld gebring. Hy het die oudste Manasse genoem, "want," het hy gesê, "God het my alles laat vergeet; al my swaarkry. Josef het sy ander seun Efraim genoem, "want," het hy gesê, "God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is."*

*Genesis 41:50-52*

Ons ken die verhaal van Josef goed. As 'n jong seun is hy deur sy broers verkoop as 'n slaaf. As slaaf het hy in Potifar se huis gelewe waar Potifar se vrou probeer het om hom te



verlei en omdat hy dit nie toegelaat het nie, het sy hom valslik beskuldig dat hy haar verkrag het. Daarna is hy tronk toe en daar het hy drome uitgelê en so by Farao uitgekom wat hom uiteindelik die hoogste posisie in Egipte gegee het.

Die aristokratiese, Egiptiese Asenat is aan Josef gegee. Sy word groot in 'n priester se huishouding en moes aansienlike bedenkinge gehad het om met 'n man wat tronkstraf weens beweerde verkragting uitgedien het, te trou. Boonop was hy 'n buitelanders wie se nasie veeboere was, wat glad nie so gekultiveerd en ontwikkel was soos die Egiptenare met hulle lang geskiedenis nie. Maar sy gee hom die voordeel van die twyfel. Sy gee Josef twee seuns in die tyd toe die Egiptiese ekonomie nog geblom het. Maar toe kom daar 'n groot hongersnood en kon sy die waarde van haar man sien wat gesorg het dat die hele Egipte genoeg kos weggesit het. Asenat en Josef se seuns se name dui daarop dat sy waarskynlik Josef se God aangeneem het. Josef neem nie nog 'n vrou vir hom nie want Asenat en sy liefde was genoeg vir mekaar.

Hulle huwelik wys dat mense, wat soos dag en nag van mekaar verskil, se huwelik kan werk. 'n Mens moet net die verskille eenkant toe skuif en mekaar se koestering geniet.

## **Dag 7**

### **Moeder Teresa**

'n Eenvoudige vrou met die naam van Moeder Teresa het die Nobel-prys vir Vrede ontvang vir haar werk in Kalkutta onder die heel armstes van Indië. Sy en die nonne het die sterwendes in die strate en op die vullishope gekry en hulle na die hospitaal geneem. Hier is die sere ontsmet en die



vuilheid afgewas en is hulle in sagte lakens toegevou. Die bedelaars was dikwels te swak om te praat, maar hulle het hulle verwonder aan hierdie skynbaar onvanpaste liefde wat so laat in hul lewe oor hulle gespoel het.

'n Verslaggewer uit New York, het een keer in 'n onderhoud sekere vrae aan moeder Teresa gevra: “Waarom sal 'n mens jou beperkte bronne bestee aan mense vir wie daar in elk geval geen hoop is nie?”

“Waarom nie liever werk met mense wat rehabilitasie verdien nie?”

Moeder Teresa het in stilte na hom gekyk terwyl sy oor sy vrae nagedink het. Sy kon geen antwoorde gee wat vir hom sin sou maak nie. Daarom het sy net gesê: “Hierdie mense is hulle lewe lank soos honde behandel. Die ergste siekte wat hulle geteister het was verwerping. Het hulle nie die reg om soos engele te sterf nie?”

Terug in Engeland het die joernalis in sy artikel oor haar dit toegegee dat sy statisties gesproke nie veel bereik het deur 'n paar agtergeblewenes uit hulle haglike omstandighede te red nie. Hy het egter hierdie belangrike opmerking gemaak: “Die Christendom sien nie die lewe in terme van statistiek nie.”

